H. Bergema, *Rondom Israel*, J. H. Kok N.V. Kampen 1957.

Hierdie boekie gee in klein bestek (60 bladsye) 'n goed leesbare oorsig van die probleme rondom die staat Israel en sy kontrovers met die Arabiere. Die skrywer het hom deur besoeke aan Israel en Jordanië en deur breë literatuur goed op die hoogte van die stand van sake gestel en behandel die teenstelling tussen die nuwe staat en sy nabure veral van uit die gesigspunt van die Christelike sending. Dit gee hom 'n standpunt van waaruit hy sowel teenoor Israel as teenoor die Islam 'n kritiese voorbehoud kan handhaaf. Nou en dan is hy geneig die Arabiere en die Moslems met mekaar te vereenselwig; dis natuurlik onjuis; die Arabies-sprekende Christene in Jordanië, die Libanon en Egipte neem teenoor Israel dieselfde houding aan as hulle Islamitiese landgenote.

Hierdie misverstand bring die skrywer daartoe om Abraham die stamvader van die Moslems te noem (p. 29), en anderkant te beweer dat die Islamiete tydens die eerste wêreldoorlog in opstand teen Turkye gekom het. Abraham is volgens die Bybel die stamvader van die Arabiere, en die Turke was in 1916 seker so goeie Islamiete as die Arabiere wat teen hulle in opstand gekom het. Onjuis is ook dat Cyprus deur Engeland eers in 1915 beset sou wees (p. 30) of dat Turkye hom tydens die tweede wêreldoorlog by die Geallieërdes aangesluit sou het (p. 31). By 'n herdruk, wat ons die uitgawe seker toewens, sou ook 'n paar ander onnoukeurighede verbeter kon word. Die skrywer vergeet op p. 11 dat Weizmann nie die direkte opvolger van Herzl was nie; Max Nordau het in die tussentyd die leiding gehad. Op p. 46 was vermelding van die werk van Ten Boom as leier tussen die twee wêreldoorloë van die sending onder die Jode van Hervormde kant seker gewens, sowel uit die oogpunt van historiese noukeurigheid as uit dié van piëteit.

Hierdie opmerkings mag bewys dat ons die boekie van Bergema met aandag gelees het. Nieteenstaande die paar historiese onjuishede beskou ons dit as 'n goeie inleiding tot die problematiek rondom Israel en wil ons dit graag in die aandag van ons lesers aanbeveel.

A. VAN SELMS